

Woensdag 18 April

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:12-18

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:14, 15

## Leef 'n ware Christelike lewe!

Paulus is begaan oor die welsyn van hierdie jong gemeente en gee aan hulle duidelike wegwysers vir die Christelike lewe.

“Leeglêers” moet tereggewys word. In die gemeente was lidmate wat verwag het dat Christus só spoedig sou terugkeer dat hulle maar kan ophou om te werk (4:11). Aan hulle sê die apostel: Wag en werk gaan saam. Terwyl julle wag op die wederkoms, moet julle werksaam bly. Die Bybel het nie plek vir niksdoeners nie.

Die “kleinmoediges” moet moed ingepraat word. Hulle probeer was dat hulle gedink het as hulle sterf, sal hulle die heerlikheid van die wederkoms van Christus misloop. Maar, sê Paulus, dié wat bly lewe tot die wederkoms van die Here, sal nie ontslapenes nie vóór wees nie (4:15). Dié wat ontslaap het, sal opstaan en ons sal almal saam vir altyd by die Here wees.

'n Verdere opdrag is om die “swakkes” te help. Die swakkes verwys moontlik na die-gene wat swak is op sedelike gebied en nie hulle hartstogte kan beheer nie (4:3-8). Dit kan ook wees dat hulle as jong gelowiges nog swak is in die geloof. Omdat die gemeente van Christus 'n eenheid vorm, moet lidmate mekaar onderling ondersteun en bystaan.

“Wees met almal geduldig” is die volgende opdrag. Geduld is een van daardie uitson-derlike deugde wat verhoudings laat werk en staande hou. Beoefen dit, sê Paulus, in die gemeente, maar ook buite die gemeente, ook teenoor nie-Christene. So kan hulle dalk vir Christus gewen word.

Nog 'n opdrag is: “Sorg dat niemand 'n ander kwaad vir kwaad vergeld nie.” Dis so menslik om kwaad met kwaad te vergeld, maar Paulus sê telkens: Moenie! (Rom. 12:17) Daar is 'n spreuk wat lui: Om goed met kwaad te vergeld, is duiwels; om kwaad met kwaad te vergeld, is dierlik; om goed met goed te vergeld, is menslik; om kwaad met goed te vergeld, is goddelik. Die mens, geskape na die beeld van God, moet altyd God in sy lewe weerspieël.

Die laaste opdrag is: “Jaag altyd na wat goed is.” Teenoor almal, Christen en nie-Christen. Ons moet aan alle mense goed doen (Gal. 6:10). Die liefde doen die naaste geen kwaad nie (Rom. 13:10).

*Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2*

*Prof. JH (Amie) van Wyk (Emeritus)*